afrikaans.com

Mediaverklaring

Hoërskoolleerders – Droom groot en WEN groot met ’n lekker ‘warm’ projek vir die wintervakansie

- **Woeker met jou talente met die #droomgroot17-kompetisie by hoërskole**
- **Muurkunsprojek by skole inspireer**

In plaas van tone en tande tel die wintervakansie woeker eerder met jou talente sodat Afrikaans.com jou kan help om ’n stappie nader te kom om jou drome waar te maak. Die #droomgroot17-kompetisie vir graad 8 – 12-leerders skop op 1 Julie af en leerders het tot 30 September kans om deel te neem. Afrikaans.com gaan boonop R10 000 beskikbaar stel om die wenner se droom te bewaarheid.

#droomgroot17 – Dit werk so ...
Graad 8- tot 12-leerders (tweede- en derdetaal Afrikaanssprekers welkom!) kan met die hutsmerk #droomgroot17 op sosiale media (Facebook/Instagram/Twitter) deelneem deur ’n video te maak waarin hulle in Afrikaans op ‘n kreatiewe manier spog met hulle talente. Die video moet dan opgelaai word. **Onthou net om Afrikaans.com in die pos te ‘tag’**. Leerders kan ‘n gedig lees, ‘n liedjie sing, hul beste danspassies uithaal, kletsrym of hulle stories vertel ... en ons so oorrompel met hulle talent!

Hoe die wenner bepaal sal word
‘n Paneel kies drie uitstaande inskrywings en die finaliste word dan gevra om vir ons te laat weet hoe die R10 000 gebruik kan word om ‘n stappie nader aan hulle droom te kom. Die algehele wenner kry die kans om te kies wat die prys moet wees … ‘n kitaar, ‘n rekenaar, ‘n kort musiek- of skryfkursus, ens. waarna Afrikaans.com die geld beskikbaar stel en namens die wenner spandeer.
(Klik hier vir kompetisiereëls: http://www.afrikaans.com/wen/heeltyd-speeltyd/wen/kompetisiereels)

Meer oor Afrikaans.com se muurkunsprojek by skole: ’n Gemeenskapsprojek wat inspireer

By Afrikaans.com glo ons dat inspirasie tot aspirasie lei en my identiteit van wie ek is en hoe ek myself uitdruk, ’n trots en eiewaarde skep. Daarom het ons ook vanjaar baie spesifieke gemeenskapsprojekte waardeur ons veral skoolleerders deur visuele muurkuns wil inspireer. Met die Afrikaans.com-muurkunsprojek poog ons om deur kleurvolle muurskilderye wat binne die gemeenskap se konteks verstaan word, die lekker en mooi van Afrikaans op skool uit te lig.

Wat behels die muurkunsprojek by die skole?

Die Afrikaans.com-span gaan een muur by elk van die deelnemende laer- en hoërskole verf en die veldtog met foto’s en videomateriaal op sosiale media aktiveer. **Die hoërskoolmuurkuns sluit aan by die #droomgroot17-kompetisie en hoërskoolleerders** van daardie skole word ook genooi om aan die #droomgroot17-kompetisie op sosiale media deel te neem. Die **#droomgroot17-kompetisie** is egter nie net tot hierdie skole beperk nie en is **oop vir ALLE hoërskoolleerders** regoor Suid-Afrika.

By **laerskole** woeker die muurkuns met woorde wat lees en verbeelding aanmoedig en word leerders aangemoedig om Afrikaans met passie en oorgawe te geniet en te gebruik. Die muurkuns het ook ten doel om trots in hul skool en taal te kweek. Tydens die onthulling van die muurkuns kry leerders die geleentheid om van hul talente ten toon te stel en die wenklas by elk van die deelnemende laerskole kry dan ’n biblioteek in ’n boks.

Kyk hierna vir inspirasie:

Opsomming van die muurkunsprojek: https://www.youtube.com/watch?v=fdLuObHCguo

#droomgroot17 promosievideo: https://www.youtube.com/watch?v=gpRil5YiRCM

Hierdie leerders van Irista Primêre skool in Kuilsrivier droom groot: https://www.youtube.com/watch?v=qlMrXeDz1sE

HemelBesem het die leerders inspireer: https://www.youtube.com/watch?v=CdpVch_4fA4

Besoek ook http://www.afrikaans.com/news-headlines/droomgroot/droomgroot17-kompetisie oor hoe om deel te neem en vir die storie agter die storie.

Vriendelike groete

Annelie van Jaarsveldt
Redaksie

afrikaans.com

avjhome@mweb.co.za | 082 785 9158

Vir meer inligting of navrae, stuur ‘n e-pos aan:

Ingrid Erlank - Redakteur: Afrikaans.com

E-pos: ingrid@afrikaans.com

Vir die media:

Klik hier vir nuusvrystellings, foto's, video's, klankopnames, grafika en kommunikasie oor die projek, die veldtog en www.afrikaans.com.

Skakel: http://www.afrikaans.com/vir-die-media

Gebruikersnaam: mediavennoot

Wagwoord: Afrimedia01